



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**RELIGIESTUDIES P1**

**2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | A√ | (1) |
| | 1.1.2 | C√ | (1) |
| | 1.1.3 | A√ | (1) |
| | 1.1.4 | C√ | (1) |
| | 1.1.5 | C√ | (1) |
| | 1.1.6 | B√ | (1) |
| | 1.1.7 | D√ | (1) |
| | 1.1.8 | C√ | (1) |
| | 1.1.9 | B√ | (1) |
| | 1.1.10 | B√ | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | Reïnkarnasie√ | (1) |
| | 1.2.2 | Pelgrimstog√ | (1) |
| | 1.2.3 | Haifa√ | (1) |
| | 1.2.4 | Agnostisisme√ | (1) |
| | 1.2.5 | Joga√ | (1) |
| | 1.2.6 | Dogma√ | (1) |
| 1.3 | 1.3.1 | G√ | (1) |
| | 1.3.2 | E√ | (1) |
| | 1.3.3 | A√ | (1) |
| | 1.3.4 | F√ | (1) |
| | 1.3.5 | B√ | (1) |
| | 1.3.6 | D√ | (1) |
| 1.4 | 1.4.1 | Shaktisme√<br>Die ander is aan Judaïsme verwant.√ | (2) |
| | 1.4.2 | Ketter√<br>Die ander is aan die Christelike godsdiens verwant.√ | (2) |
| | 1.4.3 | Ghoeroe√<br>Die ander is aan Islam verwant.√ | (2) |
| | 1.4.4 | Afrika Tradisionele Godsdiens√<br>Die ander is godsdienste met stigters.√ | (2) |

1.5 1.5.1
- Inspirasie verwys na die asem (mag/krag, kennis) van 'n buitengewone wese, bv. 'n godheid. √
- Alternatiewelik kan dit verwys na mense wat voel dat hulle deur so 'n mag beheers word. √
- Dit is deur hierdie mag dat hulle openbaring/ bekendmaking/onthulling kan ontvang. √ (2)

1.5.2
- 'Mite' kom van die Griekse woord 'mythos' wat 'woord' of 'fabel' beteken. √
- In Religiestudies verwys die term 'mite' na verhale wat die diepste waarhede oor die skepping, lewe en dood onthul. √
- 'n Storie wat verduidelik waarom iets is soos dit is. √ (2)

1.5.3
- 'Karma' beteken 'aksie/optrede/handeling' of 'daad'. √
- Dit impliseer ook die gevolge van dade/optrede. √
- Dit omvat die volgende: 'Wat ons saai, sal ons maai', die gevolge stem ooreen met die dade. √ (2)

1.5.4
- Beteken dat twee of meer godsdienste vergelyk kan word. √
- Dit impliseer ook dat twee of meer godsdienste verskille en ooreenkomste het. √
- Vergelyking kan eksplisiet of implisiet wees. √ (2)

1.5.5
- 'n Bodhisattva is 'n Boeddhis wat verligting (geestelike ontwikkeling) bereik het, maar wat verkies om in hierdie wêreld te bly om ander na die waarheid te lei. √
- Die Bodhisattva is alreeds 'n toekomstige Boeddha. √
- Hy/Sy kan met 'n geestelike wese vergelyk word. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

1.6 1.6.1 Onwaar√
Die Sjia-Moslems het Ali, Muhammad se skoonseun ondersteun/ Die Soenni-Moslems het Abu Bakr, Muhammad se skoonpa ondersteun√ (2)

1.6.2 Onwaar√
'n Sjamaan is 'n persoon wat as 'n medium tussen die sigbare en die geestelike wêreld optree. √ (2)

1.6.3 Waar√√ (2)

1.6.4 Onwaar√
Fundamentaliste is gewoonlik eksklusief en beskou slegs hulle vertolking/interpretasie van godsdiens as reg en waar, en hulle is onverdraagsaam teenoor ander. √ (2)

1.6.5 Onwaar √
Sampradayas verwys na die onderafdelings in Hindoeïsme. √ (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Daar word gesê dat enige subgroep/vertakking van 'n godsdiens 'n kerkverband is.
- Voorbeeld: Die Metodistekerk is 'n Christelike kerkverband.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.1.2
- Teïsme is 'n geloof in 'n godheid of god.
- Voorbeeld: Judaïsme glo in JAHWEH.
- Hindoes glo aan een god wat in baie vorms (gode) openbaar word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.1.3
- Dit verwys na 'n verhaal wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer.
- Voorbeeld: Die gelykenis van die saaier in die Christelike godsdiens.
- Blinde mans en die olifant in Boeddhisme.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.2 2.2.1
- Dit skep 'n gevoel van behoort.
- Dit moedig eenheid in 'n godsdiens aan.
- Dit is 'n vorm van selfidentifikasie. Dit toon dat iemand saamstem met die oortuigings en leerstellings van daardie godsdiens.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.2.2
- Dit kan wrywing in 'n multigodsdienstige samelewing veroorsaak.
- Dit sal veral gebeur as een godsdiens 'n ander domineer.
- Dit kan mense van 'n godsdiens laat wegdraai uit vrees vir viktimisering.
- Dit kan as te beperkend en eksklusief beskou word. Dit kan mense 'n meer sekulêre wêreldbeskouing laat aanneem.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.3 Enige twee Oosterse godsdienste:
- Hindoeïsme
- Boeddhisme
- Taoïsme

### VOORBEELD 1: HINDOEÏSME EN BOEDDHISME

- Hulle glo albei aan reïnkarnasie as die voortgaande siklus van geboorte-dood-hergeboorte.
- Hulle leer beide die wet van karma, dat jy beloon of gestraf sal word volgens die lewenskeuses wat jy maak.
- Die doel van die lewe is bevryding van reïnkarnasie.wanneer die siel suiwer gemaak word.
- Die doel van die lewe is vryheid van reïnkarnasie, wanneer die siel gesuiwer is en uiteindelik met Brahman/god/die groot siel van die heelal herenig word.
- Alhoewel daar heilige geskrifte en leerbeginsels is, is daar meer klem op rituele as op oortuigings.

**Nie een is hoogs voorskrywende godsdienste nie, wat hulle volgelinge 'n groot mate van buigsaamheid en keuse laat.** (4)

**VOORBEELD 2: BOEDDHISME EN TAOÏSME**

- As Oosterse godsdienste is nie een hoogs voorskrywend nie, wat hulle volgelinge 'n groot mate van buigsaamheid en keuse laat.
- Nie een het 'n konsep dat die godheid nou en persoonlik in die lewens van hulle volgelinge betrokke is nie.
- Die idee van 'n gemeenskap van gelowiges/gemeenskaplike aanbidding op gereelde tye (soos dit in Judaïsme, die Christelike godsdiens en Islam is) word nie beklemtoon nie.
- Hulle praat van die oorsake van menslike lyding, eerder as die konsep van sonde.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**
**Geen punte word toeken vir slegs die vermelding van gemeenskaplike eienskappe van religieë.** (6)

2.4 2.4.1
- Barmhartigheid beteken om ander te behandel soos wat ons self graag behandel wil word.
- Dit beteken om te help om lyding van ons medemens, ongeag ras of godsdiens, te verlig.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

2.4.2
- Elke mens, sonder uitsondering, moet met eerbied en respek behandel word.
- Om andere te pynig of te laat ly, moet verbied word.
- Interpretasie van geskrifte wat tot geweld, haat of minagting lei, is onwettig.
- Die jeug moet akkurate en respekvolle inligting oor ander tradisies, godsdienste en kulture kry.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

2.5
- Baie word gedoen om goeie intergodsdienstige verhoudings in ons multigodsdienstige en diverse samelewing aan te moedig.
- By staatsfunksies word verteenwoordigers van verskillende godsdienste genooi om deel te neem, bv. die parlements-opening, inhuldiging van die staatspresident, ens.
- Leiers van verskillende godsdienste neem deel aan openbare vakansiedae soos Menseregtedag en Erfenisdag.
- Volgelinge van verskillende godsdienste kom saam vir intergeloofsdienste en samesprekings sodat begrip en respek vir andere kan groei.
- Baie godsdienstige NRO'e (nieregeringsorganisasies) sien vrywilliglik om na die behoeftes van kwesbares, ten spyte van hulle geloof.
- Die President en regering kan 'n beroep doen op die adviesraad van godsdienstige leiers, die Nasionale Godsdiensleiersforum (NRLF).
- Dit is duidelik dat die inisiatiewe hierbo gesonde intergodsdienstige verhoudings in Suid-Afrika ontwikkel.
- Daar is meer respek, verdraagsaamheid en begrip van ander godsdienste in Suid-Afrika as in ander lande.
- Ons is gelukkig dat daar tot dusver nie 'n groot godsdienstige konflik is Suid-Afrika was nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (12)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1
- Daar is 'n verbond tussen Jahweh en sy Verbondsvolk, die Jode
- God gee die Tien Gebooie aan die Jode deur Moses op die berg Sinai.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.1.2
- Die uniekheid van Baha'i lê in hulle idee van eenheid:
  - Daar is net een God en alle godsdienste, ten spyte van hulle verskille, aanbid in werklikheid dieselfde God.
  - Hulle glo dat die Baha'i-geloof in die toekoms die enigste godsdiens in die wêreld sal wees.
  - Dit verkondig dat alle godsdienste as verskillende stadiums van die mensdom se geestelike ontwikkeling beskou kan word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.1.3
- Die Christelike godsdiens glo aan die Drie-eenheid.
- Die drie persone van die Drie-eenheid is God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.
- Jesus is die Seun van God, m.a.w. God in vlees.
- Jesus het aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan/opstanding van Jesus.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.1.4
- Tao wat 'die weg na die heelal' beteken, word beskou as die ontstaan/begin van alles.
- Beide die 'niks' en die 'gebeurtenis' wat in die Tao plaasvind, word as goddelik beskou.
- Al die wêreld se prosesse bestaan uit twee opponerende magte, Jin en Jang.
- Die doel in Taoïsme is om jou lewe moeiteloos, in harmonie met die Tao, te leef.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.2
- Dit help volgelinge om te identifiseer wie aan die godsdiens behoort en wie nie.
- Dit help volgelinge om te verduidelik waarom hulle hulle godsdiens gekies het.
- Die uniekheid van 'n godsdiens is wat dit bo ander laat uitstaan.
- Die unieke dinge van 'n godsdiens is wat dit die meeste koester.

LET WEL:Ander relevante response moet gekrediteer word. (6)

3.3 3.3.1
- Voorvaders is die boodskappers van die Opperwese en beskermers van die fisiese wêreld.
- Hulle kyk na en pas dié wat lewe op, veral d.m.v. die bejaardes.
- Die voorvaders verskyn soms aan dié wat lewe in drome en visioene.
- Hulle kommunikeer ook deur 'n tussenganger, die sangoma of waarsêer.
- Danksy die voorvaders is daar 'n groot gevoel van verbondenheid/samehang en onafgebrokenheid in die familie en gemeenskap.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.3.2
- 'n Gemeenskaplike lewenswyse is sentraal tot die Afrika Tradisionele Godsdiens; dit laat mense toe om hulle vreugdes, seëninge en hartseer te deel.
- Harmonie en respek is fundamenteel vir 'n goeie gemeenskapslewe.
- Daar word van bejaardes verwag om by wyse van voorbeeld te lei en om die jonger geslag te leer/onderrig/op te voed.
- Jongmense word nooit individueel aangespreek nie, want hulle is slegs 'n weerspieëling van hulle ouers. Daar word na hulle verwys met hulle ouers se name, soos Nokuzola se seun.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.3.3
- Die Skepper het al die dae geskep, daarom is een dag nie heiliger as 'n ander nie; daar is geen spesiale dag van aanbidding nie.
- Vir rituele word 'n dag gekies wat die gemeenskap pas.
- Die samekoms en uitvoer van die ritueel is wat heilig is; watter tyd of dag dit ook al uitgevoer word, word as heilig beskou.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.3.4
- Hoofoortuigings, -leringe en rituele word mondelings van een geslag na die volgende deurgegee.
- Stories vertel is 'n baie belangrike manier om inligting te bewaar.
- Mondelinge kennisoordrag deur bejaardes is belangrik sodat die volgende geslag oor hulle erfenis sal leer. Dit is belangrik in 'n snel veranderende samelewing.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.4
- Die Christelike godsdiens in Afrika het 'n paar praktyke uit die Afrika Tradisionele Godsdiens aangeneem
- Bv. die nagwaak.
- Dit het tot 'n unieke godsdienstige identiteit, genoem die Afrika-geïnisieerde Kerke ('AIC') gelei.
- Christelike lofsange het 'n Afrika-maatslag/smakie.

- Die 'AIC's weerspieël 'n groter Afrika-identiteit.Dit is ‘n voorbeeld van Sinkretisme.
- Baie 'AIC's het deesdae skakeling met Amerikaanse Pinksterkerke.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (12)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1
- Dit sal help indien 'n godsdiens sterk beleid en prosedures het wat leiding gee oor hoe daar opgetree moet word.
- 'n Segsman/-vrou moet aangestel word wat weet hoe die media werk en hoe om met hulle te kommunikeer.
- Volgelinge van die godsdiens moet mediaprotokol ken en dit volg.
- Die godsdiens moet konfrontasie vermy en bewus wees dat daar gewoonlik verskeie kante van 'n storie is – 'joune, myne die waarheid'.
- 'n Oop en objektiewe benadering is beter as 'n ontstoke verdedigende reaksie.
- Die negatiewe dekking kom van iewers af en die godsdienstige owerhede moet probeer om die onderliggende kwessie te kriti wanneeres dink.
- Indien die berig/verslag/artikel 'n werklike probleem moet die godsdiens na die verontregte/gekrenkte persone uitreik.
- Religieuse organisasies kan aanvallend wees wanneer hulle voel hulle word verontreg.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

4.2
- Een mag krities dink wanner daar interaksie is met die nuus-is dit goed,sleg of deels,objektief en informatief?
- Ek sal krities dink oor wanneer daar nuus was – was dit goed, sleg, substansieel, objektief en informatief?
- ‘n mens kan verder lees of navors deur die gebruik van betroubare bronne.
- Mens kan toegang verkry tot religie-spesifieke media,soos Rhema,TBN Afrika,Islam kanaal,religieuse radio stasies,ens.
- Mens kan publikasies ontvang van religieuse tydskrifte,wat religieuse sake en aktuele sake dek.
- Indien nodig, sou ek verskillende bronne nagaan om die feite te bevestig.
- Ek soureligieuse betroubare bronne gebruik om verder te lees en navorsing te doen.
- Ek kan binne my eie godsdiens verskillende publikasies ontvang wat ernstige lees en skryf oor godsdienstige en aktuele sake vereis.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(8)

4.3
- **Die bron moet nie bevooroordeeld wees nie./die bron moet objektief wees.**
- Dit moet in oorleg met ander bronne gekontroleer/nagegaan word(TV stasies.sosiale media,gedrukte media,ens..
- Wees bewus van die sterkte en swakhede van die tipe media wat gebruik word.
- **Die bron moet geloofwaardig wees.**
- Sosiale media kan baie vinnig en maklik oor onwaar inligting uitwei. Dit moet nagegaan/gekontroleer word.
- Wat is die ideologie van die uitgewer/regisseur/redakteur?
- **Die bron moet verantwoording neem oor wat dit publiseer.**
- Die media kan verantwoordelik gehou word vir misleidende of afkrakende inligting.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry** (8)

4.4.1
- Godsdiens kry baie dekking in die hoofstroommedia. Baie godsdienste het 'n gleuf/program/selfs 'n kanaal waar hulle godsdienste kan bevorder.
- Daar is spesiale TV- en radiokanale wat aan spesifieke godsdienste gewy is. Hierdie godsdienste betaal lugtyd.
- Voorbeelde: *Eastern Mosaic*, gebedsversoekprogramme, televangelisasie, aanbiddingsdienste.
- Mense kan oor die radio of televisie aan godsdienstige dienste deelneem sonder om fisies teenwoordig te wees.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry** (8)

4.4.2
- Waar godsdienste self die media in hulle werk en sendingwerk/boodskap gebruik, is die inhoud insiggewend en positief en dekking is wydverspreid.
- Waar godsdienskwessies deur die nuusmedia gedek word, is die inhoud en verspreiding beperk.
- Die hoofstroommedia het 'n ander fokus want 'n belangrike oorweging vir hulle is om 'n wins uit hulle besigheid te maak.
- Hulle is geneig om nuus te dek wat sensasioneel is.
- Hulle is ook geneig om negatief teenoor hoofstroomgodsdiens te wees.
- In ooreenstemming met die huidige tendens, neig die nuusmedia na 'n sekulêre siening van die wêreld.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry** (8)

4.4.3
- Die nuusmedia skryf selde oor godsdiens om hulle eie onthalwe.
- Hulle houding teenoor hoofstroomgodsdiens is gewoonlik nie baie gunstig nie.
- Hulle gedy op sensasie omdat dit die tipe nuus is wat verkoop en hulle is winsgedrewe.
- Hulle berig volgens redaksionele beleid.
- Positiewe godsdienstige ontwikkelings, soos humanitêre werk wat deur godsdienstige organisasies gedoen word, kry min dekking, indien enige.
- Selfs waar sekere godsdienste vir mediadekking betaal, is die inhoud nie objektief nie aangesien die doel is om 'n spesifieke siening te bevorder.
- Die dekking is oor die algemeen objektief in Suid-Afrika.
- Bv.: Berigte oor die Verulam- en Malmesbury-aanvalle was tot 'n groot mate feitelik.
- 'n Klein minderheid koerante het probeer om sensasie oor die aanvalle te skep.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 **VOORBEELD: DIE CHRISTELIKE GODSDIENS**

- Die Christelike godsdiens verklaar dat 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'
- Liefde is vir almal en dit dui aan dat mense gelyk is en sodanig behandel moet word.
- Jesus se leerbeginsels verklaar dat alle mense ewe veel gerespekteer moet word, want hulle is essensieel gelyk.
- Christene glo dat alle mense kinders van God is en na Sy beeltenis gemaak is.
- Wanneer ons die aard en karakter en karakter van God verstaan, kan ons die uniekheid van mense en die respek wat aan hulle verskuldig is, verstaan.

**VOORBEELD: ISLAM**

- Moslems glo en leer dat alle mense God (Allah) se skeppings is.
- Alle mense is die kinders van Adam, en is daarom gelyk.
- Op grond hiervan moet basiese menseregte met alle mense gedeel word, ongeag godsdiens.
- Hulle glo dat hierdie regte deur God gegee is en nie deur regerings wat deur mense gelei word nie.
- Hulle glo ook dat dit hulle plig is om hierdie regte aktief te beskerm.

**VOORBEELD: DIE AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**

- 'n Fundamentele beginsel van bestaan/lewe in die Afrika Tradisionele Godsdiens is 'Ek is verwant, daarom bestaan ek/is ek' (ubuntu).
- Individualisme word as onmenslik beskou want dit gaan teen die kernoortuiging van die belangrikheid van eenheid in die gemeenskap.
- 'n Mens word aangemoedig om ander met bedagsaamheid en respek te behandel, soos wat jyself behandel sou wou word.
- Dié wat baie het en dié wat niks het nie (rykes en armes) bewerkstellig gelykheid.
- Die ingesteldheid van 'ubuntu' lei tot harmonie en gelykheid binne die gemeenskap.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4 x 2) (8)

5.1.2

- Godsdienstige organisasies kan werkswinkels hou om mense oor menseregte bewus te maak.
- Neem aktief deel aan aktiwiteite wat die skending van menseregte, bv. xenofobie, kan voorkom.
- Hou intergodsdienstige konferensies om godsdiensvryheid te bevorder.
- Beplan en organiseer aktiwiteite om die skending van menseregte uit te lig, bv. mishandeling van vroue en kinders.
- Stig forums wat as waghond in gemeenskappe sal dien, om te verseker dat gewelddadige optrede aan die relevante gerapporteer sal word.
- Werk saam die media om menseregte te bevorder.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

5.1.3 **JA**

- Alle godsdienstige organisasies moet byeenkom vir die herdenking van Menseregtedag. Dit sal godsdienstige verdraagsaamheid en respek toon.
- Dit is die taak van godsdiens om mense van hierdie regte bewus te maak.
- Godsdiens is die bron van menseregte.
- Dit bevorder die heiligheid van die lewe.
- Dit moedig liefdadigheid aan sodat armes selfrespek kan kry.
- Godsdienstige organisasies het 'n sleutelrol in die apartheidstryd gespeel.

**NEE**

- Menseregte is deur mense daargestel wat probeer het om vreedsame gemeenskappe in konflikgebiede te skep. (Humanisme)
- Godsdiens het niks te doen met die herdenking van Menseregtedag nie.
- Verskillende godsdienste sal op verskillende maniere op die herdenking van Menseregtedag reageer aangesien nie alle godsdienste deur die Sharpeville-slagting beïnvloed is nie.
- Die herdenking van menseregte is polities van aard, nie godsdienstig nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

5.2

- Daar was baie meer intergeloofsamewerking tydens die apartheidsjare.
- Die WKGV het in 1984 organisasies soos die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die Call of Islam en Jews for Justice byeengebring. Al hierdie organisasies het die apartheidswette van land eenparig verwerp.
- Indien 'n imam in aanhouding doodgemaak is, het Jode, Christene, Hindoes en andere saam teen die apartheidsregering geprotesteer.
- Die Suid-Afrikaanse tak van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGV), is deur mense soos Frank Chikane en Desmond Tutu in optogte teen apartheid gelei.
- Leiers van verskillende gelowe was ook by die stryd teen apartheid betrokke, bv. Mahatma Gandhi.
- Die African National Congress (ANC) is deur godsdiensleiers, soos dr. JL Dube, ondersteun.
- Baie van die vryheidstrydikone het in godsdiensgebou skuiling gekry.
- Godsdiensorganisasies het tydens die eerste demokratiese verkiesing 'n belangrike rol as waarnemers gespeel.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (12)

5.3 5.3.1
- Saam met enige vryheid kom daar verantwoordelikheid.
- 'n Belangrike verantwoordelikheid m.b.t. menseregte is om te verstaan dat daar aan alle mense gelyke regte verleen moet word.
- Daarom mag jy nooit jou regte op so 'n wyse beoefen dat dit op die regte van iemand anders inbreuk maak nie.
- Bv.: Die uitoefening van 'n ritueel moet nie ander mense of gelowe ongemaklik/verontrief nie.
- Met betrekking tot godsdiens, beteken dit dat jy ander mense se godsdienste en standpunte moet respekteer.
- Een persoon se reg word deur 'n ander persoon se verantwoordelikheid vervul.
- Bv.: Die reg om te lewe gaan saam met die verantwoordelikheid om gevaarlike gedrag te vermy. (8)

5.3.2 **DIE CHRISTELIKE GODSDIENS:**
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Hierdie leerbeginsel moedig onselfsugtigheid/behandel ander mense met respek aan. Ons het 'n verantwoordelikheid om mekaar lief te hê en te respekteer.
- Jy mag nie steel nie. Hierdie leerbeginsel moedig die reg om eiendom te besit, aan omdat ander mense nie 'n reg daartoe het nie.
- Dit is elk individu se verantwoordelikheid om nie te neem wat nie aan hom/haar behoort nie. (2)

**BOEDDHISME:**
- Die Dalai Lama beklemtoon 'Eerstens, moenie leed aandoen nie' (ahimsa).
- Regte bedoeling, regte spraak, regte optrede en reg leef van die Agtvoudige Weg gee leiding oor interaksie met ander. Dit waarborg die reg tot menslike waardigheid.
- Die verantwoordelikheid lê gesamentlik by alle Boeddhiste. (2)

**DIE AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS:**
- Die Afrika-filosofie, 'Umuntu ngumuntu ngabantu' is die sleutel tot balans tussen menseregte en verantwoordelikhede.
- Dit is jou verantwoordelikheid om ander mense te versorg en op hulle beurt sal ander mense die individu versorg.
- Doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen. (2)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou